

7 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 20:25-37

Fokusgedeelte: Handeling 20:32

God se genade laat ons anders oor die lewe dink

Paulus maak gereed om uit Efese te vertrek, en as deel van sy afskeidswoorde bemoedig hy die gelowiges van die gemeente in Efese. Hy praat eers met die ouderlinge van die gemeente en gee aan hulle die opdrag om vir die lidmate te sorg soos wat wagters oor hulle skape sal waghoud en keer dat die wrede wolwe hulle nie verskeur nie (Hand. 20:28-30). Daarna sê hy hoe die Here ook vir hulle gaan sorg. Hy bemoedig hulle deur vir hulle te sê dat die Here self vir hulle sal sorg deur vir hulle sy woord van genade te gee. God se sorg en genade is vir almal in die gemeente bedoel, maar veral vir die ouderlinge om hulle in staat te stel om hulle opdrag uit te voer.

Deel van sy genadige Woord is dat gelowiges die koninkryk van God beërf (1 Kor. 6:9, 10)! Die Woord van God is ook aktief en magtig. Paulus sê dat die Woord van God hulle sal opbou en hulle aan die ewige lewe sal laat deel.

Die erfdeel van gelowiges beïnvloed die manier hoe ons elke dag optree. Paulus haal Jesus Christus aan wat gesê het: “Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang” (Hand. 20:35). Dit wat ons uit genade as erfdeel ontvang, is duisend maal meer werd as alles wat ons moet opgee om elke dag in liefde te lewe. Sy groot genade maak dit moontlik dat ons minder waarde aan geld en besittings heg. Paulus getuig daarvan wanneer hy sê: “Ek het niemand se geld of klerre begeer nie” (Hand. 20:33).

Dit is meer werd om die rykdom van God se genade te ontvang en saam met die ander gelowiges van Hom te kan erf, as enige besittings of geld wat ons ooit kan bymeekaarmaak!

Sing: Psalm 119:16, 18 (2001)

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)